
**Deur President Henry B. Eyring**
Eerste Raadgewer in die Eerste Presidentskap



# Die Hoop van Ewige Familie liefde

Van al die gawes wat ons liefdevolle Hemelse Vader Sy kinders 'gegun het, is die grootste, die ewige lewe (sien L&V 14:7). Die gawe is om in die teenwoordigheid van God die Vader en Sy Geliefde Seun vir ewig in families te leef. Slegs in die hoogste van die koningkryke van God, die selestiale, sal die liefdevolle bande van familie lewe voortgaan.

Almal van ons hoop vir die blydskap om in liefdevolle families te leef. Vir party van ons is dit ŉ gevoel wat ons nog nie ondervind het nie—ŉ gevoel wat ons weet is moontlik maar nog nie besef nie. Ons kon dit moontlik in die lewens van ander gesien het. Vir ander van ons het familie liefde meer werklik en waardevol gelyk wanneer die dood ons van ŉ kind, ŉ moeder, ŉ vader, ŉ broer,ŉ suster, of ŉ liefdevolle en geliefde grootouer geskei het.

Ons het almal die hoop dat ons eendag weer die warm liefde van daardie familielid', wie ons so lief gehad het, sal kan voel en wie ons pynlik graag weer wil omhels.

Ons liefdevolle Hemelse Vader ken ons harte. Sy doel is om ons geluk te gee (sien 2 Nefi 2:25). En so het Hy die geskenk van Sy Seun gegee wat dit moontlik maak om die blydskap van familie bande vir ewig te laat voortgaan. Omdat die Verlosser die band van dood gebreek het, sal ons opgewek word. Omdat Hy vir ons sondes versoen het, kan ons deur ons geloof en bekering waardig word vir die selestiale koningkryk, waar families deur liefde vir ewig saam gebind is.

Die Verlosser het die Profeet Elijah na Joseph Smith gestuur om die sleutels van die priesterskap te herstel (sien L&V 110). Met hierdie sleutels, is die verseelings(double dots on the 2nd e) krag, God se grootste gawe aan sy kinders, beskikbaar gestel, om families vir ewig saam te bind.

Dit is ŉ offer wat elke kind van God wat in die wêreld kom, mag eis. ŉ Derde van Sy geestelike kinders het Sy offer in die geestelike wêreld verwerp. Uit die gebrek van voldoende geloof en dan openlike rebellie, kies hulle om nooit die blydskap van Hemelse Vader se geskenk van ewige families te ken nie.

Vir diegene van ons wat die deurslaggewende toets in die vooraardse geestelike wêreld geslaag het en so gekwalifiseer het om die geskenk van sterflike liggame te ontvang, is die keuse van die ewige lewe nogsteeds ons besluit om te maak. As ons geseën is om die herstelde envangelie te vind, kan ons kies om die verbonde met God te maak en te onderhou sodat ons kwalifiseer vir die ewige lewe. Soos ons in daardie getrouheid verdra, sal die Heilige Gees ons hoop en vertroue bevestig dat ons op die pad na die ewige lewe is, om vir ewig in families in die selestiale koningkryk te leef.

Vir party mense mag dit voel asof hierdie ewige vreugde, 'n onbereikbare doel is. Ouers, kinders, broers en susters het moontlik keuses gemaak wat lyk of hulle hulself diskwalifiseer van die ewige lewe. Jy mag selfs wonder

of jy self, deur die Versoening van Jesus Christus, hiervoor kwalifiseer.

ŉ Profeet van God het my een maal raad geoffer wat my vrede gebring het. Ek was bekommerd dat die keuses van ander dit ontmoontlik maak vir ons familie om saam te wees vir ewig. Hy het gese, "Jy bekommer jou oor die verkeerde probleem. Jy leef net waardig vir die selestiale koningkryk, en die familie reelings sal meer wonderlik wees as wat jy jou kan indink."

Vir al diegene wie se persoonlike ondervindinge, of wie se huwelik en kinders - of awesig daarvan - ŉ skaduwee oor hul hoop gooi, offer ek my getuienis: Hemelse Vader ken en is lief vir jou as Sy geestelike kind. Terwyl jy by Hom en Sy Geliefde Seun was voor hierdie lewe, het Hulle die hoop van ewige lewe in jou hart geplaas. Met die krag van die Versoening van Jesus Christus in werking en met die Heilige Gees se leiding, kan jy nou en sal jy in die wêreld wat kom die familie liefde voel wat jou Vader en Sy Geliefde Seun so graag wil hê dat jy moet ontvang.

Ek getuig dat as jy waardig leef vir die selestiale koningkryk, die pofetiese belofte dat "familie reëlings sal meer wonderlik wees as wat jy jou kan indink" joune sal wees.

---

**LERINGE UIT HIERDIE BOODSKAP**

Oorweeg om diegene vir wie jy onderrig te vertel oor ŉ oomblik toe jy dankbaar was vir die hoop van ewige families. Nooi hulle uit om te wonder oor die oomblik toe hulle dankbaarheid vir ewige families gevoel het. Vra hulle of hulle dit graag wil deel. Jy kan hulle dan uitnooi om oor maniere te dink om te verbeter en waardig te leef vir die selestiale koningkryk sodat die profetiese belofte "familie reëlings . . . meer wonderlik as wat jy kan dink" hulle sin kan wees.

## JEUG

### Deel Ewige Geluk

Een van die beste dinge oor die evangelie is die kennis oor die plan van saligheid. Ons het wonderlike geleenthede om saam met ons familie vir ewig te wees. Die kennis help ons om hoop te hê wanneer ons oorweldig voel deur die wêreld. President Eyring leer, "Ons liefdevolle Hemelse Vader ken ons harte. Sy doel is om ons geluk te gee (sien 2 Nefi 2:25). En so het Hy die geskenk van Sy Seun gegee om die geluk van familie bande wat vir ewig voortgaan moontlik te maak. . . . Dit is ŉ offer wat elke kind van God wie in die wêreld kom mag eis."

Daardie seëning geld vir diegene van ons wat nou leef en vir diegene wat gesterf het - maar slegs deur ons hulp. Ons voorvaders is in die geestelike wêreld nou en wag vir ons om hul name vir die tempel ordinansies voor te berei en namens hulle te doen. Maar somtyds kan dit moeilik wees om die werk vir hulle te doen. Ons mag te besig wees of ons mag te ver van die tempel bly om gereëld te gaan.

Gelukkig is daar ander maniere om ons voorvaders te help, soos familie geskiedenis werk te doen, of om 'kinders op te pas, terwyl ouers tempel toe gaan. Deur te help, dien ons die Here *en* bring ons hoop van ewige families na diegene aan die anderkant van die sluier.

## KINDERS

### Families Is Vir Ewig

As gevolg van Jesus Christus se Versoening en die restorasie van die priesterskap sleutels kan ons saam met ons families vir ewig lewe! Wat is jy lief voor oor jou familie? Volg hierdie instruksies om hierdie papier ketting te maak om jou familie te vier.

1. Vou n papier twee keer in die helfte sodat jy een lang strokie het.
2. Teken ŉ persoon met hande wat na die gevoude kante toe uitreik.
3. Sny die persoon uit. Moenie sny waar die hande die gevoude kante raak nie.
4. Ontvou dit, skryf of teken iets waaroor jy lief is oor elke familielid.
5. Plak veelvuldige kettings saam as jy ŉ groter familie het!

© 2016 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6//16. Vertalings goedkeuring: 6/16.
Vertaling van *First Presidency Message, August 2016.* Afrikaans 12868 501

# Koester Families Saam

**Geloof, Familie, Verligting**

*Bestudeer hierdie materiaal biddend en vra om te weet, wat om te deel. Hoe sal "Die Familie: 'n Aankondiging aan die Wêreld" te verstaan, jou geloof in God verhoog en diegene 'oor wie jy deur vroue besoek, waak, te seën? Vir meer inligting, gaan na* ***reliefsociety.lds.org***

"'n Man en 'n vrou het 'n plegtige verantwoordelikheid om mekaar en hulle kinders lief te hê'"[1] Die huis is veronderstel om God se labrotorium van liefde en diens te wees," het President Russel M. Nelson, President van die Kworum van die Twaalf Apostels gesê.

"Ons Hemelse Vader will hêdat mans en vrouens getrou sal wees aan mekaar en dat hulle hul kinders as 'n erfenis van die Here, sal ag, en hulle so sal behandel."[2]

In die Boek van Mormon, het Jakob gesê, die rede hoekom die Lamaniete op een punt meer regverdig as die Nefiete was, was omdat die mans hulle vrouens lief gehad het, en die vrouens het hulle mans lief gehad, en saam het hulle, hulle kinders lief gehad (sien Jakob 3:7).

Een van die beste wyse om liefde en harmonie in ons huise in te nooi is deur vriendelik met ons familielede te praat. Deur vriendelik te praat nooi ons die Heilige Gees in ons huis e in. Suster Linda K. Burton, Verligting Vereniging algemene president, het ons gevra om dit te oorweeg: "Hoe gereëld spreek ons opsetlik vriendelike woorde aan mekaar?"[3]

## *Addisionele Skrifgedeeltes*

Romeine12:10; Mosia 4:15.; Leer en Verbonde 25:5

## *Lewende Stories*

Ouderling D. Todd Christofferson van die Kworum van die Twaalf Apostels het 'n ondervinding gedeel van sy kinderjare wat 'n indruk op hom gemaak het, oor die belangrikheid van 'n liefdevolle familie. Toe hy en sy broers nog seuns was, het sy moeder radikale kanker behandeling gehad wat dit baie pynlik gemaak het om haar egter arm te gebruik. Met 'n familie van seuns was daar baie strykwerk, maar as sy moeder gestryk het, het sy gereëld gestop en in haar kamer gaan huil totdat die pyn bedaar het.

Toe Ouderling Christofferson se vader besef wat aangaan het hy vir 'n jaar in die geheim sonder middagete gegaan om genoeg geld te spaar om 'n mashien te koop wat strykwerk makliker gemaak het. Uit liefde vir sy vrou het hy 'n voorbeeld van koestering gestel binne families vir sy seuns. Van hierdie interaksie het Ouderling Christofferson gesê, "Ek was nie bewus van my vader se opoffering en daad van liefde vir my ma gedurende daardie tyd nie, maar nou dat ek weet, het ek vir myself gesê, Daar is nou 'n man."[4]

**NOTAS**

1. "Die Familie:'n Aankondiging aan die Wêreld," *Liahona,* Nov. 2010, 129.
2. Russel M. Nelson, "Verlossing en Verheerliking," *Liahona,* Mei 2008,8
3. Linda K. Burton, "Ons Sal Saam Opklim," *Liahona*, Mei 2015, 31.
4. D. Todd Christofferson, "Laat Ons Mans Wees" *Liahona,* Nov 2006, 46.

### *Ter Oorweeging*

Hoe kan ons die Gees in ons huise in nooi, deur ons liefde en barmhartigheid aan andere?

© 2016 deurIntellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6//16. Vertalings goedkeuring: 6/16
Vertaling van *Visiting Teaching Message, August 2016.* Afrikaans 12868 501